

**ONS VERTROU DAT DIE HUIDIGE PLAN DIE TALLE MANS EN VROUE WAT VIR BETER BASIESE ONDERWYS IN SUID-AFRIKA WERK, SAL INSPIREER, INLIG EN LEI.**

**DIE VOLLEDIGE PLAN VAN AKSIE TOT 2019: OP PAD NA DIE VERWESENLIKING VAN ONDERWYS 2030 IS BESKIKBAAR BY:**

[HTTP://WWW.EDUCATION.GOV.ZA/CURRICULUM/ACTIONPLANTO2019.ASPX](http://www.education.gov.za/CURRICULUM/ACTIONPLANTO2019.ASPX)

**DIE VOLLEDIGE PLAN VAN AKSIE TOT 2014: OP PAD NA DIE VERWESENLIKING VAN ONDERWYS 2025 IS BESKIKBAAR BY:**

[HTTP://WWW.EDUCATION.GOV.ZA/CURRICULUM/ACTIONPLANTO2019.ASPX](http://www.education.gov.za/CURRICULUM/ACTIONPLANTO2019.ASPX)

**THIS DOCUMENT IS AVAILABLE IN ALL 11 SOUTH AFRICAN LANGUAGES**

- |           |           |
|-----------|-----------|
| English   | isiXhosa  |
| Afrikaans | Ndebele   |
| isiZulu   | Sepedi    |
| Tsonga    | Setswana  |
| Sesotho   | Tshivenda |
| Siswati   |           |

Published by the Department of Basic Education

222 Struben Street

Private Bag X895, Pretoria, 0001

Telephone: 012 357 3000 Fax: 012 323 0601

© Department of Basic Education

website

[www.education.gov.za](http://www.education.gov.za)

facebook

[www.facebook.com/BasicEd](http://www.facebook.com/BasicEd)

twitter

[www.twitter.com/dbe\\_sa](http://www.twitter.com/dbe_sa)

# Plan van Aksie tot 2019

## Op pad na die Verwesenliking van Onderwys 2030

### Afrikaans



basic education

Department:  
Basic Education  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA





## ONDERWYS 2030: Die Visie

Die volgende is 'n samevatting van waar die Departement van Basiese Onderwys homself in 2030 wil bevind:

### LEERDERS

Leerders **woon skool elke dag by en is betyds** omdat hulle graag skool toe wil kom, omdat **die skool toeganklik is** en omdat leerders weet dat as hulle skool misloop wanneer hulle nie moet nie, die een of ander optrede teen hulle geneem sal word. Leerders **verstaan hoe belangrik dit is om hulle huiswerk te doen**, by die skool en tuis, en hulle weet dat hul skool alles moontlik sal doen om hulle in staat te stel om te leer wat hulle moet leer.

### ONDERWYSERS

Onderwysers **ontvang die opleiding wat hulle nodig het, verbeter voortdurend hulle bekwaamhede** en het vertroue in hulle beroep. **Onderwysers verstaan die belangrike rol wat hulle beroep** in die ontwikkeling van die nasie vervul en doen hulle uiterste bes om aan hul leerders 'n goeie opvoedkundige begin tot hulle lewens te bied.

### DIE SKOOLHOOF

**Die skoolhoof maak seker dat onderrig by die skool plaasvind soos wat dit veronderstel is om plaas te vind**, volgens die nasionale kurrikulum. Deur verantwoordelike leierskap bevorder hy of sy harmonie, kreatiwiteit en 'n gesonde werksetiek binne sowel as buite die skoolgemeenskap.

## WELSTAND VAN LEERDERS

**DOELWIT 26:** Vermeerder die aantal skole wat die inklusiewe onderwysbeleid doeltreffend toepas en wat toegang het tot sentra wat spesialisdienste aanbied.

**DOELWIT 27 \*\*\*:** Verbeter die frekwensie en gehalte van die moniterings- en ondersteuningsdienste wat deur die distrikskantore voorsien word, gedeeltelik deur beter gebruik te maak van e-Onderwys.



# SKOOLGEBOU EN -GERIEWE

**DOELWIT 24:** Maak seker dat die fisiese infrastruktuur en omgewing van elke skool leerders inspireer om skool toe te kom en te leer; en onderwysers om onderrig te verskaf.

**DOELWIT 25:** Gebruik skole as middele om kinders se toegang tot 'n reeks openbare dienste, soos byvoorbeeld gesondheid, armoedeverligting, psigososiale ondersteuning, sport en kultuur te bevorder.



## PLAN VAN AKSIE TOT 2019

### OUERS

Ouers is goed ingelig oor wat in die skool gebeur en hulle ontvang gereelde verslae oor hoe goed hulle kinders presteer, gemeet aan duidelike standaarde wat deur alle skole gehandhaaf word. Ouers weet dat as iets by die skool skeefloop, die skoolhoof of iemand by die departement na hulle sal luister en die nodige stappe sal neem om enige probleme op te los.

### LEER- EN ONDERRIGMATERIALE

Leer- en onderrigmateriale is in oorvloed beskikbaar en van 'n hoë gehalte. Die nasionale Minimum Skooltas-beleid, wat die minimum hoeveelheid en gehalte van materiale waartoe elke leerder moet toegang hê beskryf, word allerweë aanvaar. Daar is rekenaars in die skole as

'n belangrike medium waardeur leerders en onderwysers toegang tot inligting kan kry.

### SKOOLGEBOU EN -GERIEWE

Skoolgeboue en -geriewe is ruim, funksioneel en word goed in stand gehou. Leerders, onderwysers en die skoolgemeenskap as geheel sien om na hulle geboue en geriewe omdat hulle trots is op hulle skool.

Hierdie plan, wat deur die Departement van Basiese Onderwys (DBO) opgestel is, verteenwoordig 'n verdere mylpaal in die reis na gehalte skoolonderwys vir alle Suid-Afrikaners. Hierdie dokument neem die sleutelontwikkelinge in die basiese onderwyssektor sedert die vrystelling in 2011 van die vorige sektorplan, *Plan van Aksie tot 2014*:





*Op pad na die Verwesening van Onderwys tot 2025 (Plan van Aksie 2014), in oënskou.*

Die klem verskuif egter ook in die lig van lesse wat geleer is en, baie belangrik, prioriteite wat deur die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP), wat in Februarie 2012 deur die President vrygestel is, ter tafel geplaas is. In ooreenstemming met die NOP is die beplanningshorison in die huidige plan 2030 en nie meer 2025 nie. Tweedens is die regering se mediumtermyn-horison op 2019 gerig en die sektorplan is dienoreenkomstig aangepas.

Die huidige plan is gerig op die wye verskeidenheid belanghebbendes wat betrokke is by die gewigte taak om Suid-Afrika se skole te transformeer. Hierdie belanghebbendes sluit in ouers,

onderwysers, skoolhoofde, beampptes op distrik-, provinsiale en nasionale vlak, parlamentslede, leiers in organisasies in die burgerlike samelewing, insluitend onderwysersvakbonde, vennote in die privaat sektor, navorsers en internasionale vennootagentskappe.

## KORTTERMYN-DOELWITTE, LANGTERMYN-VISIE

Daar bestaan 'n dringende behoefte om seker te maak dat elke jong Suid-Afrikaner gehalte-onderwys ontvang. Ons besef egter dat dit nie oornag kan gebeur nie. Ons het 'n duidelik visie nodig van waar ons onself in 2030 wil bevind, of selfs vroeër, indien moontlik. Ons moet ook seker maak dat ons elke jaar nog 'n stap nader aan ons visie beweeg, en besef dat 'n groot verbetering eintlik die resultaat is van talle kleiner veranderinge.

# ONDERWYSERS

**DOELWIT 13:** Verbeter die toegang van jong mense tot Voortgesette Onderwys en Opleiding (VOO) verder as Graad 9.

**“Doelwit 14 tot 27 handel oor hoe om die 13 uitsetdoelwitte te behaal wat hierbo beskryf is.”**

**DOELWIT 14:** Lok elke jaar 'n nuwe groep jong, gemotiveerde en toepaslik opgeleide onderwysers na die onderwysberoep.

**DOELWIT 15:** Maak seker dat die beskikbaarheid en benutting van onderwysers sodanig is dat buitensporige groot klasse vermy kan word.

**DOELWIT 16 \*\*\*:** Verbeter die professionalisme, onderrigvaardighede, vakkennis en rekenaargeletterdheid van onderwysers dwarsdeur hulle loopbaan.

**DOELWIT 17:** Streef na 'n onderwys-werkerskorps wat gesond is en 'n gevoel van werkstevredenheid geniet.

**DOELWIT 18:** Maak seker dat leerders al die onderwerpe en vaardigheidsgebiede dek wat hulle gedurende hulle huidige skooljaar behoort te dek.

## LEERDERHULPBRONNE

**DOELWIT 19 \*\*\*:** Maak seker dat elke leerder toegang het tot die minimum stel handboeke en werkboeke wat ingevolge nasionale beleid vereis word.

**DOELWIT 20:** Vermeerder leerders se toegang tot 'n wye reeks media, insluitend rekenaars, wat hulle opvoeding sal verryk.

## SKOOLBESTUUR

**DOELWIT 21 \*\*\*:** Maak seker dat die basiese jaarlikse bestuursprosesse in alle skole in die land plaasvind, op 'n wyse wat tot 'n funksionele skoolomgewing bydra.

## GEMEENSKAPSDEELNAME

**DOELWIT 22:** Verbeter ouer- en gemeenskapsdeelname aan die bestuur van skole, gedeeltelik deur toegang tot belangrike inligting via die e-Onderwysstrategie te verbeter.

## BEFONDSING VAN SKOLE

**DOELWIT 23:** Maak seker dat alle skole ten minste teen die minimum per-leerder-vlakke, wat nasionaal bepaal word, befonds word en dat fondse deursigtig en doeltreffend aangewend word.

# DOELWIT 7 TOT 9: VERBETERING VAN PRESTASIE-GEMIDDELD

**DOELWIT 2:** Vermeerder die aantal leerders in Graad 6 wat teen die einde van die jaar die minimum taal- en syferkundigheidsvaardighede vir Graad 6 bemeester het.

**DOELWIT 3:** Vermeerder die aantal leerders in Graad 9 wat teen die einde van die jaar die minimum taal- en syferkundigheidsvaardighede vir Graad 9 bemeester het.

**DOELWIT 4:** Vermeerder die aantal Graad 12-leerders wat vir 'n Baccalaureus-program aan 'n universiteit kwalifiseer.

**DOELWIT 5:** Vermeerder die aantal Graad 12-leerders wat *wiskunde* slaag.

**DOELWIT 6:** Vermeerder die aantal Graad 12-leerders wat *natuurwetenskappe* slaag.

**DOELWIT 7:** Verbeter die gemiddelde prestasie van Graad 6-leerders in *taale*.

**DOELWIT 8:** Verbeter die gemiddelde prestasie van Graad 6-leerders in *wiskunde*.

**DOELWIT 9:** Verbeter die gemiddelde prestasie van Graad 8-leerders in *wiskunde*.

## VERPLIGTE ONDERWYS

**DOELWIT 10:** Maak seker dat alle kinders prakties by 'n skool ingeskryf bly ten minste tot die jaar waarin hulle 15 word.

## TOEGANG TOT VKO EN GRAAD R

**DOELWIT 11 \*\*\*:** Verbeter die toegang van kinders tot Vroeëkinderonwikkeling (VKO) laer as Graad 1.

## DOELWIT 12 TOT 13: VERBETER GRAADBEVORDING

**DOELWIT 12:** Verbeter die graadbevordering van leerders regdeur die Graad 1- tot 9-fases.



**“Daar bestaan 'n dringende behoefte om seker te maak dat elke jong Suid-Afrikaner gehalte-onderwys ontvang.”**

## DUIDELIKE DOELWITTE

Die oorspronklike 27 doelwitte in die *Plan van Aksie 2014*, wat 'n wye verskeidenheid kwessies en ingrypings dek, word behou. Van hierdie doelwitte **handel 13 oor prestasie- en inskrywinguitkomste wat ons nastreef en die ander 14 het betrekking op 'hoe' hierdie verbeterings verwesenlik kan word – met ander woorde, stappe wat geneem moet word om die sektor te versterk.**

Om fokus binne die stelsel te behou, **bly vyf van die 27 doelwitte egter prioriteitsdoelwitte.** Hierdie doelwitte behels **Graad R, onderwyserontwikkeling, leermateriale, skoolbestuur en ondersteuning deur distrikskantore.**

Die vyf prioriteitsdoelwitte word deur \*\*\* in die plan en in hierdie pamflet aangedui. Die 36 indikatore van die 2011 Plan van Aksie, wat by individuele doelwitte aangeheg is, bly ook in plek. Enkele indikatore geniet 'n hoë prioriteit en word ook met \*\*\* aangedui.





## INNOVASIE-PRIORITEITE

Alhoewel innovasie in baie areas van die basiese onderwys-sektor benodig word, staan twee spesifieke uitdagings uit: die **Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA)** en **e-onderwys**. Hierdie twee areas word in die volgende twee onderafdelings van nader beskou.

### Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA)

Die regering het by herhaling sy verbintenisse bevestig tot die daarstelling van 'n assesseringstelsel van wêreldgehalte vir die graad 1-9 band op skool. Die oogmerk is nie slegs om betroubare inligting oor vordering ten opsigte van wat leerders leer aan die nasie beskikbaar te stel nie, maar ook praktiese hulpmiddels te bied om die opvoeders en ouers te help om te

fokus op dinge wat saak maak.

Soos ons vorentoe beweeg, stel die DBO 'n aantal JNA-mympale in die vooruitsig, op grond van lesse wat geleer is en sorgvuldige oorweging van die advies wat van eksterne adviseurs en belanghebbendes ingewin is. **Een prioriteit is om 'n duidelike beleidsverklaring oor die basiese logika van JNA op te stel, insluitend die voorgename gebruik daarvan deur onderwysers, ouers en ander mense op skool- en distriksvlak.** Die DBO sal met ingang 2015 seker maak dat **'verifikasie-JNA'-toetse beveilig word en ankeritems insluit. Die aanpassing van uitslae met gebruik van itemresponsteorie sal voorts verken word, beginnende in 2016. In 2015, sal die**

## E-ONDERWYS

**DBO distriksvlak JNA-verslae genereer met gebruik van universele JNA-data. Ten slotte sal die DBO voortgaan om met 'n wye verskeidenheid kundiges te beraadslaag** oor die optimale benadering om in JNA te volg en sal voorts ook **JNA op 'n gereelde grondslag evalueer op grond van terugvoer** van onderwysers, ouers en ander belanghebbendes by die skool en op distriksvlak.

Moderne inligting- en kommunikasietegnologie (IKT) beskik oor die potensiaal om leer op omvangryke wyse te verbeter en te diversifiseer. IKT word ook so algemeen in die samelewing benut dat onderwys daarsonder besig is om vinnig in 'n onvolledige onderwys te ontaard. **Die DOB sal tydens 2015 'n konsep nasionale strategie oor e-onderwys vrystel** vir die skoolsektor vir oorweging deur die wye verskeidenheid belanghebbendes in e-onderwys in die land. Die strategie sal 'n duidelike verband lê tussen die **groter gebruik van IKT en die behaling van die verbeteringsdoelwitte** wat deur die stelsel gestel is. Die strategie sal dit duidelik maak wat die beskikbare tegnologieë is. Dertens, aangesien e-onderwys talle spelers van binne en

buite die regering betrek, sal die strategie **duidelikheid verskaf oor wie hierdie spelers is, asook oor hoe hulle saam werk.**

### ONS WIL TEEN 2030 DIE VOLGENDE 27 DOELWITTE BEHAAL:

**“Doelwit 1 tot 13 handel oor spesifieke uitkomstes van die skoolonderwysstelsel, met uitkomstes wat betrekking het op inskrywing en bevordering, asook uitkomstes wat betrekking het op wat leerders leer.”**

#### DOELWIT 1 TOT 6: VOLDOENING AAN MINIMUM ONDERWYSSTANDAARDE

**DOELWIT 1:** Vermeerder die aantal leerders in Graad 3 wat teen die einde van die jaar die minimum taal- en syferkundigheidsvaardighede vir Graad 3 bemeester het.